NUUSBRIEF NO. 1

Geagte Telers

Ons wou nie die nuusbrief uitstuur, alvorens ons nog nie die eerste Raadsvergadering gehou het nie.

As Raad, wil ons al ons lede bedank wat met groot moeite, opoffering en koste ons Algemene Jaarvergadering in Pretoria op 29 September 2012 bygewoon het. Vir die lede wat nie teenwoordig kon wees nie, maak ons graag die name van u nuwe Raad, wat vir die volgende twee jaar tot September 2014 na u belange gaan omsien, aan u bekend

Dit is werklik vir my ‘n eer en voorreg om in so ‘n raad te mag dien. U, die lede het ‘n uitstekende raad gekies met goeie balans tussen telers met jare se ondervinding en uitmuntende sakemanne.

U Raad lyk soos volg:

1.	Llewellyn Labuschagne	:	President: Dagbestuur
2.	Wessel Hattingh	:	Vise-President: Dagbestuur
3.	Piet Lüneburg	:	Dagbestuur
4.	Bill van Lelyveld	:	Dagbestuur
5.	Louis Meyer		
6.	Stephan Coetzee	:	Noordwes Streeksverteenwoordiger
7.	Riaan Theron	:	Vrystaat Streeksverteenwoordiger
8.	Willem Verhoef	:	Kwa-Zulu Natal Streeksverteenwoordiger
9.	Willem Barnard	:	Limpopo Streeksverteenwoordiger
10.	Pieter Terblanche	:	Noord-Kaap Streeksverteenwoordiger

Dit is belangrik dat ons nou kontinuïteit behou en al ons lede se belange beskerm en bevorder vir die volgende twee jaar.

BRAHMAN Beestelersgenootskap | Cattle Breeders' Society
Tel: +27 51 444 0172 / 0175 • Fax: +27 51 444 0961 info@brahman.co.za • www.brahman.co.za

U komitees is alreeds gefinaliseer en lyk soos volg:

DAGBESTUUR:

Llewellyn Labuschagne	Wessel Hattingh
Bill van Lelyveld	Piet Lüneburg

WêRELDKONGRES:

Wessel Hattingh (Voorsitter)
Riaan Theron
Andries Marx
Rohan Beukes

RASVERBETERING:

Louis Meyer (Voorsitter)	Bill van Lelyveld
Sytze Smit	Dr Norman Maiwashe(LNR)
Nog ‘n verteenwoordiger (LNR)	Dr Michael Bradfield (Breedplan)
Thys Meyer (BreedObject)	Prof Frikkie Neser (LRF)

OPLEIDING:

Wayne Porter (Voorsitter)	Llewellyn Labuschagne
Tok Serfontein	Theo Dicke
Schalk Erlank	Sytze Smit
Burnie Staal	Jan Bosman

PROMOSIE EN BEMARKING
(Komitee Hoof: Bill van Lelyveld)

Promosie:	Willem Barnard; Johan Drotsky
Joernaal:	Willem Barnard
Bemarking:	Willem Barnard; Johan Drotsky

FINANSIES, REGS & ETIEK, PERSONEEL, KANTOORADMINISTRASIE EN GEBOUE
(Komitee Hoof: Piet Lüneburg)

Finansies:	Willem Verhoef (Voorsitter); Louis Meyer; Riaan Theron; Francois Pienaar
Regs & Etiek:	Piet Lüneburg
Personeel:	Willem Verhoef (Voorsitter); Louis Meyer; Riaan Theron
Kantoor Admin:	Willem Verhoef (voorsitter); Louis Meyer; Riaan Theron
Gebou:	Piet Lüneburg

NASIONALE VEILING EN SKOUE
(Komitee Hoof: Bill van Lelyveld)
Stephan Coetzee (Voorsitter)
Pieter Terblanche
Wilma van Zyl

RAAD:
Llewellyn Labuschagne; Wessel Hattingh; Piet Lüneburg; Bill van Lelyveld; Louis Meyer; Willem Verhoef; Stephan Coetzee; Willem Barnard; Riaan Theron en Pieter Terblanche
Die President dien outomaties in alle komitees.

Indien u as lede vir ons positiewe gedagtes, wenke of bydraes kan lewer om ons ras te bevorder sal ons dit waardeer indien u, u insette aan ons kan deurstuur. Ons komitees gaan verseker baie aktief wees, baie kilometers ry en baie tyd in belang van Brahmane spandeer. Gevolglik sal u insette en bydraes werklik baie waardeer word. Ons wil graag ‘n toekoms ingaan waar ‘n ieder en ‘n elk deel is daarvan om ons mooi ras uit te bou en te verbeter.

Wees verseker dat ons nie genoeg dankie kan sê nie aan al ons voorgangers van die afgelope 60 jaar vir dit wat hulle alles gegee en opgeoffer het vir die ras waarmee ons vandag so graag boer.

Dit was juis die manne en Nelia Brooks (enigste vroueraadslid) wat vir ons die fondasie gelê het, waarop ons met trots kan voortbou. Al hierdie presidente, raadslede, komitees, beoordelaars, hoofbestuurders en personeellede het bygedra om ons ras te bring waar dit vandag is. As telers beskou ons u almal as grootste bate van ons ras. Verder beskik ons oor die heel beste telers in die wêreld. As u die omstandighede in aanmerking neem waarin ons as telers ons beeste teel, dan kan u nie anders as om met my saam te stem nie.

Graag wys ek u daarop dat ons ‘n multi-miljoen organisasie is. As ons u en ander lede se belegging vat in plase, fasiliteite en u diere is dit maklik om die som te maak.

Ons onderneem om u belegging te beskerm, te bemark, te promoveer en waar ons kan, te verbeter.

Lekker boer met die wêreld se heel beste ras.

Brahmangroete.

Llewellyn Labuschagne